

Dinsdag 22 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 4:13-21

Fokusgedeelte: Romeine 4:18-21

Moenie aan God se beloftes twyfel nie

God bly by sy woord – wanneer Hy beloof dat Sarai in haar ouderdom geboorte aan 'n seun sal gee, gebeur dit. Geloof is om ten spyte van die omstandighede aan daardie belofte vas te hou. Hier lees ons hoe Abraham sekere stappe gevolg het om aan die belofte vas te hou.

Om in die geloof aan God se beloftes vas te hou, is dit in die lig van Abraham se optrede belangrik dat ons eerstens nie die omstandighede in ag moet neem nie. As Abraham sy en Sarai se ouderdom in ag moes neem, was dit menslik onmoontlik om 'n kind te kry. Sy omstandighede beïnvloed nie sy geloof nie. Hy bly glo.

Tweedens moet ons nie twyfel nie. Abraham het, ten spyte van hulle hoë ouderdom, nie in ongeloof aan God se belofte getwyfel nie. Wanneer ons twyfel, is ons soos die golwe van die see – op en af (Jak. 1:6, 7). Wanneer ons na die omstandighede kyk, begin die saad van twyfel gesaai word. Sondeval in die paradys het met twyfel begin – twyfel aan God se belofte.

Derdens moet ons aan God die eer gee. Abraham twyfel nie, maar word in die geloof versterk en gee die eer aan God. Let wel: hy gee die eer aan God voordat die belofte vervul is. Geloof wat weet dat God aan sy belofte getrou is.

Hoekom kon Abraham, ten spyte van omstandighede, nie twyfel nie? Hy was vierdens vas oortuig dat God die mag het om te doen wat Hy beloof het. God werk met dieselfde krag waarmee Hy Jesus Christus uit die dood opgewek het, in ons. Deur die Heilige Gees het ons die sekerheid van die vervulling van God se beloftes.

Sing: Psalm 68-1:9

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)